**Lukas 11:37-53** **H-O-M-E II** **London, 10 Mei 2015**

slide

As wat staan jou huis bekend... wat is die oorheersende kenmerk in jou huis...?

Onthou die grootste pak slae wat ek ooit gekry het... slide en as ons nou teugkyk was dit baie keer die beste ding wat met ons kon gebeur het – wil nie hê dat dit anders moes wees nie

Ons ouers gee genoeg vir ons om, om ons op die regte pad te hou – eg en eerlik te wees...

**Skriflesing en prediking - Lukas 11:37-53** slide

'n Veilige plek waar ons moet, kan eg wees

'n Fariseer **nooi Jesus uit vir ete** – sjoe, gevaarlik!

Jesus was **nooit bang om mense te konfronteer** met dit wat nie reg is in hulle lewens nie, om eerlik te wees met mense nie... ons is soms so katvoet, wil almal tog net gelukkig hou, kultuur van om die bos spring en as iemand met ons eerlik is, voel ons tog so maklik seergemaak en te nagekom!!

Jesus was **nooit bang om eerlik te wees nie** – want egtheid is vir Hom ontsaglik belangrik!

**Hoekom? Dit wat in jou hart is tel meer...** is die bron waaruit jy God en mense hanteer

**10:38-40 (Marta en Maria)**

**Tog gaan Hy** na Fariseers – sy vyande - se huise toe! Hou nie op uitreik nie – dis deel van sy karakter – toe Adam en Eva droogmaak, gaan soek Hy hulle, Hosea vertel dat God ons nie gaan prysgee nie en Jesus kom juis aarde toe - God hou aan om na ons toe uit te reik – HY wil aanhou om deel te wees van ons huise... maak nie saak hoeveel sake is nie reg en nie in plek nie

En juis daarom gaan HY aanhou om ons te challenge...

**Presies dieselfde is waar van ons as gemeente** – ons mag bly glo dat die Here ons gaan aanhou uitdaag, gaan aanhou om eerlik te wees, maar dat Hy gaan aanhou om na ons toe uit te reik...

**Hy gaan aanhou** om ons te kom **soek**...

maar ook: Hy gaan aanhou om **sy vinger presies op dit in ons lewens te kom neersit wat nie reg is nie** – hoe anders verander en gesond word... maar ons hou nie daarvan nie

***Wat is nie reg in jou lewe nie...***

**Spanning begin by reinigingsreëls-gesprek** – watter reëls bepaal my toewyding aan God? slide

Handwas 'n bewys van toewyding aan die Here!!

En niks is belangriker as die vraag hoe ons aan die Here toegewy moet wees nie – NB NB NB

Watter uiterlike handeling is **ons maatstaf** vir toewyding aan die Here?

Ou vraag: Hoe weet iemand julle huis is aan God toegewy...

Uiterlike handelinge bepaal nooit of kan nooit die maatstaf wees van ons toewyding aan die Here nie – Jesus se gesprek met Maria en Martha... sy teleurstelling...

**Maar Jesus sê in v 42** – be-oefen hierdie toewydings-handelinge, maar sorg dat jou hart reg is... kry jou binnekant reg!

Bo blink, onder stink...

En omdat hulle binnekant nie reg is nie, hulle harte nie reg is nie – 6 X oordeel-uitsprake

Ware reinheid behels liefde en barmhartigheid en geregtigheid, baie meer as hande was...

**6 x lees ons oordeel uitspraak "Ellende wag vir julle** / groot teespoed... "Wee julle..." (OV) "Woe to you..." NIV

**Eerste 3 @ Fariseers – vanaf v 39** slide

**1** – Ellende wag vir julle – want gee van tiendes is belangriker as geregtigheid en liefde, goed wees en omgee vir mense – **v 42**

**2** - Ellende wag vir julle – want julle soek die eer van mense – **v 43**

**3** - Ellende wag vir julle – want eintlik is julle klaar dood – gee en bring nie lewe nie – **v 44**

Nie 'n lekker gesellige saamkuier geleentheid nie – sou 'n speld kon hoor val!

Amper soos iemand wat 'n bom laat val aan tafel – weet hoe ongemaklik almal kan raak...

Hoe word ons 'n gemeente wat 'n geestelike tuiste kan bied? Eg, eerlike mense wie se harte reg is... wie opreg aan die Here toegewy is...

Hou op om van ander te verwag wat jy nie bereid is om te doen nie

Hou op om voor te gee... **v 39-42** - om met 'n masker te leef... te jok vir mense...

Hou op om te dink jy is beter as ander... geen foute het nie... hou op om net aan die uiterlike voorkoms, buitekant aandag te gee...

Hou op om die eer van mense te soek...

Hou op om te maak of julle lewe – **v 44**, julle is dood en mense weet dit nie eers nie...

Jesus se grootste stryd op aarde met Fariseërs - hypocrites

**NB – sorg dat die innerlike reg is**, die gesindheid en hart reg is en dit moet oorloop in 'n goedwees vir ander – daarsonder is enige toewydings-handeling leeg, geen waarde in die oë van die Here as metode om guns by Hom te verwerf nie....

**Laaaste 3 @ Wetgeleerdes – vanaf v 45** **slide**

**4** - Ellende wag vir julle – want julle daag mense uit vir sake wat julle self nie doen en is nie – **v 46**

Verwag van ander om wetties te leef, om 'n sekere morele standaard te handhaaf... terwyl julle nie self bereid is om so te wees nie... **Leef nie konsekwent nie**

**5** - Ellende wag vir julle – want julle luister kieskeurig na die profete (Woord) – **v 47**

Wil nie mense leer wat maak werklik vry nie

Resultaat: leer nie, wil nie geleer word nie, wil Jesus doodmaak – sê nie en is nie wie hulle wil hê Hy moet wees nie, het nie daarvan gehou dat Jesus dwarsdeur hulle kyk nie...

**6** - Ellende wag vir julle – want julle maak dit mense onmoontlik om God te leer ken, sleutel weggeneem om by God uit tekom – **v 52**

Watter tipe huis/tuiste moet ons wees?

'n Plek waar mense die Here leer ken...

**NB – skrikwekkendste van hierdie dee**l: Jesus **gaan in sy huis in v 37... en v 53 – en later weer weg – en niks/niemand het verander nie** – dit is scary... **slide**

Ons stap in en uit en ons bly dieselfde... en dalk is dit die rede waarom ons bang is vir die Here, die heeltyd skuldig voel – omdat ons weet daar is sake in ons lewens nie reg nie

Kans om reg te maak – ons harte oop te stel vir die Here.. weer eg te word... sodat ons vir ander kan goed wees – kan nie as ons harte nie reg is nie...